# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

22 Augustus 2013
Dagsê Almal

Eljada Huis is baie trots op Tanya wat as leier verkies is en sy staan gister met blink ogies voor my en vra of ons kan help met haar “Blazer.” My hart breek in stukke want ek moes vir haar sê dat ons finansies nie daarvoor voorsiening maak nie en sy moet maar gaan kyk of sy by die skool se klerebank kan regkom. Sy moet ook R550 inbetaal voor 31 Augustus vir die leierskap kamp wat verpligtend is. Die ogies word dof maar die mond glimlag nog en sy sê “Dis reg tannie.” Ek twyfel egter of sy gaan regkom en ek wil ‘n uitdaging aan die jeug rig om vir haar geld in te samel vir hierdie baadjie en kampfooi. Sy verdien dit want sy skroom nie om vir enige een aan te vat oor haar geloof nie. By die skool is die onderwysers baie trots op haar want sy en haar sussie Su-Marie leef werklik hul geloof daar tussen die kinders uit. Soms vertel sy van die afgedwaaldes wat so spog met hulle saamslaap terwyl hulle nog so op skool is en sy is nie op haar mond geval nie want haar antwoord vir hulle is dat sy nog iets baie kosbaar het om te verloor.

Omdat ons 100% afhanklik van skenkings is moet ek dikwels nee sê vir dinge soos hierdie want daar is groter prioriteite soos ID dokumente, maak van tande en brille asook die huis se daagliks bedryfsuitgawes. Maar die swaarste is om vir kinders nee te sê wanneer hulle so mooi kom vra. Ek het verlede week baie uitgebrei op ons finansiële nood en ek wil weer graag die versoek rig dat indien 1000 mense slegs R50 per maand kan bydra dan sal ek werklik in staat wees om “Ja Tanya, kom ons gaan koop vir jou ‘n baadjie en hemde” vir haar en ander te kan sê wat met so min tevrede moet wees. Baie dankie vir almal wat reeds so mildelik bydra maar ons behoeftes groei daagliks met die nood wat so groot is.

Hier is tans 14 gesinne wat ondersteun word en 19 daarvan is kinders. Dus kan u verstaan waar om die behoeftes al groter word.

Die doel van Eljada Huis was nog altyd tweeledig. Eerstens is die besluit geneem dat ondersteuning aan die swaarkry mens op ‘n baie meer gestruktureerde manier kan plaasvind as ons midde in die probleem woon en werk. Tweedens bied dit vir elkeen van u wat graag ‘n bydrae wil lewer in watter vorm ookal ‘n platform waar die verskil gemeet kan word. Daar word veral skerp gefokus op die geestelike armoede. Nooit was die doel van die

huis om selfonderhoudend te wees nie want dan ontneem ons diegene wat graag hul gawes en talente hier wil aanwend vir die Here van die geleentheid.

Eljada Huis groete.
Annatjie
(012 377 0503 / 0728558289)

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**

Ons onmiddelike NOOD is:

- KONTANT inspuiting (R50 per maand)
- Ivon (R1200), Jenny (R1200) en Petro (R1500) moet tande kry.
- Petro het geen ID nie (R280) plus R50 foto's
- Ivon (Bestuurslisensie hernuwing R270)
- Tanya (Leierskamp R550), skoolklere en baadjie
- Huurgeld vir verblyf van gesinne wat in haglike omstandighede woon
- Bakstene wat vir 1ste fase aangekoop moet word (R10 000)
- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, rys, macaroni en
- spaghetti,koffie, tee (veral rooibos), suiker, boksmelk, broodsmere soos margarien, konfyt, stroop, grondboontjiebotter, bovril, kookolie, en eiers.
- Toiletware – seep, tandepasta, sjampoe, spuitgoed, aanrol, skeermesse, handeroom, waspoeier, sunlightseep.

**Ander behoeftes:**
# Margarien of ander lee plastiese houers en blikke,
# Ou krale, knope, kant en lintjies
# Ou hangers, skottels en bakke
# Plastiese sakkies
# Afval hout stukkies – vir mosaikwerk
# Tuinstoele